Gebedsriglyne vir die week van 23-29 Nov 2009

0 – 5 min: Raak stil.
Raak net rustig, sit gemaklik, maak jou oë toe, haal diep asem. Bid dan: "Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig", oor en oor sodat jou fokus na God verskuif. Die gedagte is dat jy net bewus raak van God en dat jy nou met Hom in gesprek gaan. Sodra daar ander gedagtes na vore kom, dan bid jy weer: "Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig".

5 – 10 min: Bid 'n Psalm.
Bid nou deur Psalm 25:1-10.

10 – 20 min. Skrifgedeelte vir die week
Rut 1 (*Rut - om met toewyding te leef*)
Oordink die teks biddend. Kies een gedagte wat vir jou uitstaan, oordink en bepeins dit totdat jy "hoor" wat God vir jou en vir Somerstrand hierdeur wil sê. Om só met die teks stil te raak en dit vir 'n tyd lank te oordink, is om te "luister" na God. Jy sal vind dat daar dikwels insig en verstaan kom as jy dit doen. Daar kom ook soms spesifieke gedagtes na vore van dinge wat God van jou vra of vir jou sê. Skryf hierdie gedagtes dan in jou joernaal neer. As jy iets spesifiek ontvang wat jy graag wil deel, laat weet vir Rethie by rethie@global.co.za (of as jy nie e-pos het nie, skryf dit neer en gee vir Liésl by die kerkkantoor).

20 – 25 min. Laat U Naam geheilig word.
Spandeer die 5 minute aan gebed vir die heiliging van God se Naam in jou eie lewe; in en deur Somerstrand se leierskap; in en deur Somerstrand se lidmate. Bid ook teen die verontheiliging van God se Naam en bely dit wat jy van weet in jou eie lewe en wat by Somerstrand as liggaam voorkom. Dink daaraan dat God jou roep as sy verteenwoordiger. Wanneer jy só leef en optree dat mense iets van God deur jou leer ken, word sy Naam geheilig.

25 – 35 min. Laat U koninkryk kom.
- ✞ Bid nou spesifiek vir die drie mense wat op jou **gebedslys** is. Bid die Skrifgedeelte vir die week vir hulle (iets wat van toepassing is). Vra God hoe jy na hulle kan uitreik en vir hulle kan omgee. Wag en luister wat op God se hart is.
- ✞ Bid vir **herlewing** in ons gemeente. Bid ook dat die Here ons sal beskerm teen enige aanvalle terwyl ons op hierdie manier na sy seën soek.
- ✞ Bid vir die **leraars**, veral in die lig van bogenoemde. Bid dat die herlewing by ons (Chris, Rethie & Deon B.) self sal begin. Bid dat die Gees ons sal lei in alles wat ons doen, dat hy duidelik vir ons sal wys wat en hoe ons moet leiding gee. Bid ook dat die Here ons sal beskerm teen enige aanvalle.
- ✞ Bid vir Sondag se **erediens** en vir Deon wat gaan preek. Bid vir sy voorbereiding, dat die Here Sy boodskap aan hom sal bekend maak. Bid vir elkeen wat by die erediens teenwoordig gaan wees, dat die Gees hulle harte sal voorberei vir die Woord en dat dit vir elkeen 'n werklike ontmoeting met die lewende God sal wees.
- ✞ Bid vir hierdie week se **Nagmaal** by Cheshire Homes. Bid dat mense daardeur Christus se teenwoordigheid op 'n besonder manier sal beleef, sodat hulle geloof versterk sal word.

- ✞ Die Belydenisgroep gaan hierdie naweek **kamp**. Bid vir veiligheid. Ons gaan fokus op geestelike dissiplines. Bid vir my en Morag Pieterse, wat die kamp lei. Bid ook vir elkeen van die jongmense wat dit gaan bywoon, dat die Gees in hulle sal werk en hulle elkeen 'n lewensreël sal vind wat hulle vir die res van hul lewens volhoubaar kan gebruik.
- ✞ Die Kerkraad het o.l.v. die Finansiële Kommissie besluit om die hele gemeente 'n vraelys te laat invul, sodat ons 'n beter idee kan hê wat in die gemeente aangaan. Bid vir almal wat met die vraelyste gaan uitgaan. Bid dat die Here die kontak sal seën en dat die vraelys sal bydra tot die koms van Sy koninkryk in ons gemeente.
- ✞ Bid vir Brenda van Rooyen, wat besig is om te reël aan vanjaar se **Kerssang- en dramadiens**. Bid vir haar medewerkers en vir al die reëlings, dat alles in plek sal val. Bid nou reeds dat die Here die diens sal seën.
- ✞ Bid dat die Here **"ouderlinge**" sal stuur vir die buurte wat nog vakant is.
- ✞ Bid vir Woensdag-aand se **Didage** en vir almal wat daaraan deelneem, dat die Gees dit sal gebruik om groei in hul lewens te bewerkstellig.
- ✞ Bid vir die 30e se **Kerkraadsvergadering**. Bid dat die Gees die Kerkraad sal lei en dat hulle in afhanklikheid van die Gees sal doen wat die Here van ons vra.
- ✞ Ons gaan waarskynlik volgende jaar tydens die eerste kwartaal fokus op "Bybelse vorming en dissipelskap" (sien blokkie hier onder). Ons wil graag hê dat soveel van ons lidmate as moontlik hulle volgende jaar sal verbind aan die **Dissipelskap**-proses. Gevolglik gaan daar Sondag 'n spesiale byeenkoms wees vir almal wat besig is met dissipelskap of dit al gedoen het, om te besin oor die pad vorentoe. Bid vir hierdie geleentheid. Bid dat almal dit sal bywoon. Bid dat die Gees mense sal lei in hierdie proses. Bid ook dat die Gees nou reeds in mense se harte sal werk en hulle sal voorberei, sodat ons lidmate volgende jaar in groot getalle by dissipelskap sal inskakel.
- ✞ Bid dat die Here **kategete** sal voorsien vir volgende jaar, asook **dissipelskap-groepleiers vir Gr 8** en mense om te help met die kinders se **eredienstoepassing**.
- ✞ Senta Jacobs het begin reël aan 'n heerlike **kuier-fondsinsameling**. Bid dat daar mense sal kom wat bereid is om etes te reël. Bid veral dat die Here die geleentheid sal seën, dat lidmate mekaar beter sal leer ken en heerlik saam "met vreugde sal lewe".
- ✞ Bid vir almal in die gemeente wat **siek** is – op die afkondigings, en ander wat jy van weet.
- ✞ Bid vir **Lourens**.

Die patrone waarvolgens ons gemeente wil leef, is:

- **Afhanklikheid van die Heilige Gees** *(om saam te bid, onsself volledig in God se hande te plaas, nie op eie krag staat te maak nie)*
- **Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer** *(leef in bewustheid dat die wêreld sien hoe ons leef en met mekaar omgaan, leef dus bewustelik op manier wat God se bedoeling demonstreer)*
- **Bybels Vorming en Dissipelskap** *(om Jesus te volg, belang van kleingroepe, om deur die Bybel gevorm te word)*
- **Roepingsgesag** (*gesag is nie in individu of posisie, ons dra saam die visie wat God ons opgedra het)*

✞ Bid dat die Gees in ons sal werk, sodat hierdie waardes al meer 'n integrale deel van ons identiteit sal word.

35 – 40 min. Laat U wil geskied.

- ✞ Gee jouself opnuut oor aan God sodat sy **wil deur jou kan geskied**. Bid dat Hy ook sy wil aan jou en aan die gemeente sal bekend maak, en dat ons almal só sal leef dat sy wil deur ons kan geskied.
- ✞ Bid dat die Here Sy wil vir ons sal bekend maak rondom Somerstrand en Klema se moontlike **Drama- en kunstebediening**.
- ✞ Bid vir die aanbieding van **Divorce Care.**
- ✞ Bid dat die Here ons sal lei met betrekking tot ons **kommunikasie**. Bid dat die Here vaardige mense sal stuur om hiermee te help. Bid dat die Here ons kommunikasie sal gebruik om ons oë op ons roeping te hou, tot Sy eer.
- ✞ Bid dat die Here se wil sal geskied met **Somerstrand en Klema**.
- ✞ Bid vir die **beplanning vir 2010** waarmee die leraars en al die "kommissies" tans besig is. Bid vir **eenheid en fokus** in die gemeente se bediening. Bid dat die Here ons sal lei, dat ons juis in **afhanklikheid van die Gees** nie ons eie planne sal beraam nie, maar net sal doen wat God van ons vra.
- ✞ Bid ook vir volgende jaar se **Pinkster**. Die Suid-Afrikaanse tradisie van Pinkster bidure is volgende jaar 150 jaar oud. Ons wil graag iets baie spesiaal daarvan maak. Ons het reeds twee moontlike predikers genader, maar albei moes "nee" sê. Bid dat die Here ons sal lei en iemand sal stuur. Dink ook aan die gebed om herlewing hierbo genoem.
- ✞ Neem tyd om te probeer onderskei waarmee die Here tans besig is in ons gemeente. Waar werk die Gees? Hoe moet ons daarby inskakel?

⇒ *Is daar iets wat God nou in die tyd vir jou bekend gemaak het van sy wil? Laat weet vir Rethie by rethie@global.co.za.*

40 – 45 min. Gee ons vandag ons daaglikse brood.

- ✞ Dank die Here vir elkeen van sy kinders wat gehoorsaam is in hul rentmeesterskap.
- ✞ Loof die Here vir die feit dat hy 'n God van oorvloed is, dat hy altyd vir sy kinders sorg en voorsien - al is dit nie altyd soos wat ons gedink het dit gaan wees nie!
- ✞ *My wow's is nou te min*. Ons inkomste vir November staan tans op R332 000! Dit beteken dat ons nou 'n oorskot van R141 000 het vir die maand (R172 800 as ons die vorige maande se oorskot bytel)! Nog nooit in die gemeente se geskiedenis het ons so iets beleef nie! Loof die Here dat hy so getrou is en op hierdie wonderlike manier voorsien. Bid ook steeds vir Desember en Januarie, wat tradisioneel swak finansiële maande is.
- ✞ *Ek dink die groter inkomste moet ons ook laat vra na die Here se wil - waarmee is die Here besig? Ons het alle bedieninge tot op die been gesny. As die Here vir ons hierdie geld gee, is dit ons taak as rentmeesters om dit verantwoordelik te bestuur. Wanneer die Here vir ons hierdie geld gee, is dit omdat hy wil hê ons moet iets daarmee doen (en / of dalk iets daaruit leer?). Dit beteken nie dat ons almal nou moet kom met idees van waarop ons die geld moet spandeer nie, maar dat ons breër moet besin oor ons bediening. Bid dat die Gees ons sal lei en dat ons die Here se wil in ons begrotingsprosesse sal onderskei.*
- ✞ Loof die Here vir die wonderlike manier waarop hy ook in Klema se finansies voorsien het. Hulle het reeds R93 800 ingekry hierdie maand, wat beteken dat hulle 'n oorskot van R24 800 het vir November en 'n totale tekort van net R15 400.
- ✞ Bid dat ons lidmate gehoorsaam sal wees in hul rentmeesterskap en dat daar groter milddadigheid sal wees.
- ✞ Bid vir die Finansiële kommissie, wat besig is met die opstel van die begroting vir volgende jaar. Ten spyte van die hoër as verwagte inkomste vanjaar, is hulle van mening dat dit steeds nie genoeg is om ons bediening finansieel te dra nie. Bid dat hulle ernstig die Here se wil sal soek en in afhanklikheid van die Gees die Kerkraad kan lei in die opstel van ons begroting vir volgende jaar.

45 – 50 min. Vergeef ons ons oortredinge...
Bid vir vergifnis vir jouself en vir die gemeente waar ons moontlik ongehoorsaam was aan God. Moenie te vinnig hieroor gaan nie, wag op God om aan jou duidelik te maak of daar iets is wat jy dalk moet bely.

50 – 55 min. Laat ons nie in versoeking kom nie...
Ai, hoeveel keer hierdie afgelope week het ek nou nie al in my swakheid gewens dat ons liewer nie vir herlewing begin bid het nie! Ons weet tog dat daar, saam met die gebed om herlewing, altyd ook 'n herlewing in aanvalle kom.

- ✞ Bid dat die Here ons gemeente sal beskerm teen enige aanvalle van die bose.
- ✞ Bid dit veral ook vir al ons personeellede en leiers, spesifiek ook vir Rethie, Chris en Deon B.
- ✞ Bid spesifiek dat God ons sal waaksaam maak teen enige vorm van versoeking. Bid ook vir verlossing van die houvas en verblinding van die Bose, vir ons as Liggaam, maar ook spesifiek vir die mense op jou gebedslys.

55 – 60 min. Aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid.
Spandeer die tyd om net God se grootheid te erken, om te loof en te prys vir wie Hy is.

Terugvoer
✞ Evelyn stuur vir ons terugvoer in die volgende vorm:

Dankie Evelyn! Maar waar's die vuurpyl?

✞ Tilla skryf:
Die week se leesstuk in Filippense 3 was vir my so ryk aan inhoud, en besielend.

Vir my het dit alles gegaan oor my ***gesindheid*** **(v 15),** wat die volgende behels:

'n Gesindheid van
- **bly** wees vandag, elke dag (want ek is in Hom - dit gee my al die rede tot bly wees) (v 1) (en my nie te laat ontstel deur kwaadwilligheid van mense en dinge nie!) (v 2);
- reg **oordeel** (dieper kyk, en nie bo-langs, volgens die uiterlike nie) (v3);
- Hom te wil **ken** (v 8), daarom saam met Hom sterf en ook deel he aan Sy opstanding en Lewe (v 10,11);
- **inspanning** (v 12, 14) - om my alles te gee en my uit te strek na die toekoms.

Hoe kry ek dit reg, waar kom hierdie gesindheid vandaan?
v 16 - hou koers op die gebaande weg, en
v 15 - **Hy** gee my insig en lei my.

So, in en deur Hom kan ek **bly** wees, reg **oordeel,** Hom beter leer **ken** en my **inspan** om die wenstreep te bereik.

✞ en van die vorige week skryf Tilla:
Die week se leesstuk gryp my regtig aan die hart:

1) Dit het my laat besef dat as ons wat so geseënd is, **uit ons oorvloed** gee, ons nog niks gee nie!

2) Die arm weduwee gee volgens wat **die Here vir haar werd** is - Hy is alles vir haar werd!

3) Sy **vertrou die Here volkome** vir haar lewe, daarom gee sy sonder huiwering alles wat sy besit, in die wete dat sy in Hom versorg sal wees.

Dit laat my diep nadink oor my eie prioriteite!

✞ Mariette skryf:
Ek lees op die oomblik 'n stok-ou boek van Oswald Smith, *The Revival We Need*.
Sal nog met jou daaroor gesels. Hy praat baie oor *extra efforts* wat ons in ure van gebed en in die *spiritual realm* moet insit. Tyd te *maak* vir gebed – eerder as tyd kry. Selfs heel nag. En om nooit op te hou ernstig aan te hou om te roep na God nie: *pleading, pleading...*

✞ Anonymous (dink ek) skryf:
Bridging the Gap between Belief and Behavior. Reading through the Book of James and learning how to behave according to what God says.
Working through being still - listening, from the Word, from people, talking less, summing up people with deep hurts, hearing from the Holy Spirit as to how to encourage them.
Managing my tongue - being careful with people who fly into rages - hand them over to Jesus. Watching myself that I react as Jesus would have.
I have to learn daily to carry out whatever it is that God wants me to work on in my daily communion with others realizing that this is not possible without soaking myself daily in His Laundromat and then remembering to live in the open fields of His Grace made possible for me through Jesus' death.
Realizing that its no good doing daily Bible study and not carrying out the transforming act God has laid in my Spirit.
I wonder if Samuel had such needs. He obviously managed himself well as the people gave him positive feedback. Abigail - she listened to God. Paul - a right-about turn.....and so many more people we read about, small, seemingly insignificant daily outreaches to those around us. My Behavior as a Christian!
A sense of immediacy - not just seeing faults in the mirror of my life and then moving away and forgetting...!

✞ Die Bybelskool het hierdie kwartaal 'n wonderlike beweging van luister en leer aan die gang gesit. Oral waar ek met Bybelskool-gangers in kontak kom, hoor ek hoe die gedeeltes waarmee hulle werk, inspreek in hul lewens en die besluite wat hulle neem. Loof die Here daarvoor! Daar het ook 'n heerlike gesprek op ons blog aan die gang gekom. Al is jy nie deel van die Bybelskool nie, kan jy dit gerus volg by www.ngkerksomerstrand.co.za/blog

Dit is vir ons baie belangrik dat julle saam met ons die Here se wil onderskei. Onthou asb. om terugvoer te gee as iets vir jou oopgegaan het tydens jou tyd van gebed (jy kan dit ook anoniem doen). Ook as jy nie seker is wat dit beteken - en selfs of dit die Here is wat daardeur met jou praat nie. Ons luister tog immers sáám om te onderskei wat die Gees vir ons sê.

Liefde
Rethie